**Dinsdag 3 September**

| Skrifgedeelte: Romeine 1:18-32 | Fokusgedeelte: Romeine 1:18-32 |
|---|---|

**Hoe donkerder dit is, hoe helderder skyn die lig wat jy aansteek**

Die dekor of agtergrond van die Goeie Nuus is die donker prentjie wat hoofstuk 1:18 – 2:20 skets. Dat ons die evangelie van vers 16 en 17 net werklik kan verstaan as ons deur die Woord van die Here na die sondigheid van die mens kyk, word deur die voegwoordjie “want” aangedui, waarmee vers 18 in die oorspronklike teks begin: “Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en die ongeregtigheid van die mens wat in ongeregtigheid al die waarheid onderdruk.”

Dat die mens nie geregtig is daarop om te lewe en in die regte verhouding met God te wees nie, is die verstekposisie waarin die mens hom bevind. Die mens behoort vanuit die skepping van God en vanuit die werke van God te weet dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is (vs 20). Tog sien die sondige mens dit nie raak nie en wil hy dit ook nie raaksien nie.

Daarom gee God die mens oor aan homself (vs. 24, 26, 28). Die mens word deur “die drange van sy hart”, deur sy “skandelike drifte” en deur sy “verdraaide opvattings” op sleeptou geneem. Die gevolg hiervan is dat hulle niks minder as die *dood* verdien nie (vs 32).

Pasop dat ons nie wat hier staan, net op “hulle” van toepassing maak nie. As gelowiges sou die lewe waar ons aan onsself oorgegee is en wat op die *dood* uitloop, ook ons voorland gewees het. Al verskil tussen “ek” en “hulle” is dat ek deur die genade van die Heilige Gees die geloof ontvang het om in die regte verhouding met God te kan *lewe*.

*Sing: Psalm 103-2:1, 2*

*Ds. HS Coetzee (Fanie) (Potchefstroom Die Bult)*